# ‚GODINNE VAN SONDE' BOER IN ‚WOESTYN'

## President maak sy kok maer

Van Marilyn Zeelie.

PARYS. — Om die hoofkok van die president te wees, is die gesogte werk in Frankryk. Marcel le Servot het byna uit sy vel gespring toe hy twee jaar gelede vir die belangrike pos gekies word. Maar vandag is hy seker een van die ongelukkigste mense ter wêreld.

Die rede? Frankryk se president word al hoe maerder en Marcel is bang dat sy kookwerk iets daarmee te doen het.

### Begroting

Vir Marcel se belangrike werk word geen koste ontsien nie. Hy het drie kokke wat onder hom werk, twee kokke wat net pasteie bak en dertig stuks kombuispersoneel. Met 'n begroting van meer as R1 miljoen per jaar sorg Marcel dat uitgesoekte vleis, keurwyne en oorgenoeg groentes aan oorsese gaste en die president, sy vrou en vier kinders voorgesit word.

Maar helaas, anders as sy voorganger, pres. Georges Pompidou — wat van lekker kos gehou het — is pres. Valerie Giscard D'Estaing (51) 'n man wat sy dieet streng dophou. Elke oggend gaan hy Marcel se spyskaart vir die dag sorgvuldig na.

„Te ryk, te ryk en heeltemal te veel kalorieë," mompel hy terwyl hy die rykvleise en kaaspasteie of seekosse met rooi ink op die spyskaart doodtrek. Die resultaat, volgens 'n paleisbediende, is 'n spyskaart wat eintlik lyk soort bby 'n self-

Van JOHAN POTGIETER

**WITBANK se „tien godinne van die sonde" het die Oos-Transvaalse steenkooldorp skoon op hol. Daar word gepraat van liefdesnessies by die „Woestyn" en van skoolmeisies wat tot R60 en R70 per aand „verdien".**

**En liefde oor die kleurskeidslyn heen floreer ook op die dorp. 'n Ou Bantoebegraafplaas op Blesboklaagte net buite die dorp is 'n stille getuie van die onheilige dinge wat ná sononder daar gebeur.**

Die „woestyn" het ter sprake gekom toe Cornelius van Heerden in die landdroshof op die dorp onskuldig bevind is op 'n aanklag dat hy 'n 15-jarige skoolmeisie verkrag het.

Die plaaslike koerant, die Witbank-nuus, het na aanleiding van die hofsaak ondersoek na die bedrywighede van die dorp se jeug ingestel. Daar is vasgestel dat 'n hele aantal skoolmeisies hulle openlik aan prostitusie skuldig maak en dat die „woestyn" 'n gewilde plek vir hul bedrywighede is.

### Staalwerkers

Die „woestyn" is 'n groot sandkol 'n entjie buite die dorp op die pad na Verena. Die plantegroei is geil daar en volgens inwoners op die dorp is dit 'n ideale liefdesnessie.

„En wat die mense sê wat daar gebeur, is die heilige waarheid," vertel Ria, 18, 'n pragtige meisie wat een van Witbank se skole verlede jaar verlaat het. „Ek weet van minstens tien skoolmeisies wat hulle elke naweek aan prostitusie skuldig maak. Hul ouderdomme wissel tussen dertien en sewentien jaar."

Ria vertel die meisies is veral bedrywig by 'n sekere

Die meisie sê talle getroude mans daag by die hotel op net om meisies vir 'n „plesiertjie" aan te keer. Groot hoeveelhede drank word dan vir die meisies gekoop voordat hulle iewers heen „vertrek". Gewoonlik is dit „woestyn" toe.

Maar by Blesboklaagte se begraafplaas gaan dit net so geil as by die „woestyn" vertel Witbank se inwoners. Hier is dit egter liefde oor die kleurskeidslyn.

Enkele weke gelede het 'n Kleurlingvrou met 'n baba van vier maande by haar wit minnaar opgedaag. Hy is 'n getroude man en die Kleurlingvrou wou onderhoud vir die kind eis.

Toe hy weier om te betaal, het sy die kind in 'n kartondoos in die veld gelaat. Iemand het die kind hoor huil en die polisie gebel.

Die man en die Kleurlingvrou is later weens ontug aangekla.

Die voorsitter van Witbank se tak van Aksie Morele Standaarde, mnr. Maans Rossouw, 42, glo nie dit gaan op die dorp erger as op ander dorpe nie.

„Meisies kan vandag nie meer tussen reg en verkeerd onderskei nie. Dis 'n teken van die tyd. Die kommuniste gebruik seks en dwelmmiddels om ons te breinspoel," sê hy.

## Hy wil sy slimheid oorplant


## Knoop jou oop of toe!







**Rapport**

LAAT BERIGTE

TELEFOONNOMMERS:
JOHANNESBURG: 31-4911
PRETORIA: 48-3065
KAAPSTAD: 22-5191
BLOEMFONTEIN: 7-3351
PORT ELIZABETH: 2-6488 of 33-3888
DURBAN: 35-1925
LONDEN: 353-1256
WASHINGTON DC: 347-3220


### RUSSE SE ALMAL WELKOM

BARCELONA. — Die Sowje[t]
Unie het die Internasion[ale]
Olimpiese Komitee opni[uut]
verseker dat geen land w[at]
deur die komitee erk[en]
word, uitgesluit sal word [by]
die Olimpiese Spele wat [in]
1980 in Moskou gehou [sal]
word nie. — Sapa-A.P.

### DIE WEER

DIE Weerburo voorspel vandag:

Transvaal: Gedeeltelik [be]wolk en matig met en[kele]
donderbuie oor die noo[rde]like dele, maar bewolk[t]
koud oor die suidelike p[ro]
rand met ligte reën.

Vrystaat en Kaap[land]
noord van die Oranje: [Mo]
en koel maar bewolk
koud oor die noordoos[te]
Vrystaat in die oggend.

Kaapland suid van
Oranje: Mooi en koel,
bewolk en koud langs
suidkus met buie wat
uit die weste opklaar.

Natal: Bewolk en
reën en donderbuie.

Suidwes: Mooi en
maar koel in die suide

VROU SE LYF
BAD GEKR